

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 36

29 OKTOBER 2021

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

2022 BEGROTINGSVERGADERING: 28 OKTOBER 2021

Baie dankie aan die ouers wat gisteraand se begrotingsvergadering bygewoon het. Baie dankie ook aan die finansiële- en beheerliggaamkomitees wat so goed na die skool se finansies omsien. Hulle het werklik baie moeite gedoen om die skoolgelde so bekostigbaar moontlik te hou. Die voorgestelde skoolgelde vir 2022 is deur die vergadering goedgekeur en is soos volg:

SKOOLGELDE 2022

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R16 700	R1 670	R1 519
Tweede kind	R15 200	R1 520	R1 382
Derde kind	R10 560	R1 056	R 960
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R16 700	R1 670	R1 519
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
13:00/13:30 – 14:15	R 5 500	R 1 375	
13:00/14:15 – 17:30	R 8 100	R 2 025	
13:00/13:30 – 17:30	R 9 480	R 2 370	
MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR			
Periodes per week	**Per Maand 10 mnde**	**Tweede kind in familie**	
1	R230	R190	
2	R350	R300	
3	R500	R450	

EKSAMEN 2021
Daar is net **3 weke** oor voor ons eksamen begin. U ontvang volgende Vrydag die werksafbakening vir die eindeksamen. Begin asseblief vroegtydig voorberei.

PRYSUITDELING
Weereens kan ons nie die jaar voortgaan met gewone prysuitdelings soos in die verlede nie. Ons het besluit om die jaar voort te gaan met virtuele prysuitdelings omdat ons maksimum 180 mense volgens Covid-regulasies in die saal kan inpas. Die verskillende grade gaan dan soos volg op verskillende dae prysuidelings hê.

6 Desember	-	Grade 2 en 3
7 Desember	-	Grade R en 1
8 Desember	-	Grade 4 en 5
9 Desember	-	Grade 6 en 7

Meer besonderhede sal nader aan die tyd bekend gemaak word.

SNOEPIE : KARRITOEP
Hiermee ‘n paar wenke om die gebruik van die KARRItoep te vergemaklik:

Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs ‘n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14h00 oop en sluit soggens om 07h00 vir die spesifieke dag.

NEWTONPARK DRIVE-THRU : 19 NOVEMBER
Heerlike wegneemetes word weer hierdie jaar by ons populêre McNewtonpark Drive-Thru verkoop. Op die spyskaart is pannekoek, cheesegriller-rol, hamburgers, sosatierolle, "Lucky Packets", en 'n verkeidenheid koeldranke. U is welkom om ook bestellings vir familie en vriende te plaas! Bestellings kan deur die skakel geplaas word: https://forms.gle/329ahAXRfxzTcP336

Betaling geskied deur middel van ’n elektroniese oorplasing (EFT) of deur die Karri-toep.
Plek: Laerskool Newtonpark Klubhuis in Geraldstraat, Port Elizabeth.
Afhaaldatum en tyd: 19 November tussen 12:00 - 14:00 en 16:00 - 18:00.
BESTELLINGS EN BETALINGS MOET TEEN 12:00 OP VRYDAG, 12 NOVEMBER AFGEHANDEL WEES.

ADVERTENSIES
Ons wil graag vir u as ouers die geleentheid bied om in ons 2022-huiswerkboek te adverteer. U ontwerp die advertensie, in JPEG of PDF en e-pos dit na admin@lnpark.co.za.

Die koste is as volg: (In kleur)
A4: R1000 - volblad
A5: R500 – halfblad

Die sluitingsdatum vir die advertensies is Vrydag, 29 Oktober 2021.

SOMERSDRAG
Ons sien dat van die seuns nie die skoolwapen op hul hemde het nie. Volgens die skoolreëls is 'n sakwapen verpligtend vir die somer. U kan dit by die skool se klerewinkel aankoop as u die skoolwapen benodig. Ons hou op 4 November 2021 inspeksie om dit te kontroleer.

KLEREWINKEL : BESTELLINGS VIR 2022
Ons herinner **graad R-ouers** wat bestellings vir klere vir 2022 wil plaas om dit so spoedig as moontlik te doen, sodat die verskaffers dit so gou moontlik kan maak. Die pryslyste is op D6 onder "Bronne" gevolg deur "klerewinkel", beskikbaar. U sal merk dat u die bestelling vir u gerief per e-pos na: klere@lnpark.co.za kan stuur. Indien u enige navrae het, kan u gerus die dames by die klerewinkel op die onderstaande tye skakel:
Maandae + Vrydae : **07:30 – 12:00**
Woensdae : **12:00 – 14:30**

KLEREWINKEL : MASKERS TE KOOP
Graag wil ons u ook inlig dat die klerewinkel voortaan materiaalmaskers met die skool se wapen op, teen R30 sal verkoop. Bestellings kan per e-pos na: klere@lnpark.co.za gestuur word indien u sou belangstel.

RAISIN LEGENDS : BESTELLING OP GOOGLE FORMS

Ons het dit goed gedink om die rosyntjie-bestellings na die "Google Forms" platvorm oor te skuif om die proses vir u te vergemaklik. U kan die volgende skakel gebruik vir bestellings:
https://forms.gle/G7NUT941CnD8AXNq5
Die skakel sal weer op SMS en D6 volg. Betaling sal steeds per EFT geskied soos voorheen.
Ons bevestig die **nuwe** bestel- en betaaldatum hieronder:

- Raisin Legends bestel- en betaaldatum : **Donderdag, 4 November om 12:00** (bestelling sal op Google Forms gedoen kan word)

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2022: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 31 Augustus 2021 is daar 'n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings.

Ons versoek u om asb. die skeurstrokie onderaan daardie brief te voltooi en onverwyld saam met R800 reserveringsfooi (per kind) te betaal om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.

Betaling, slegs EFT. E-pos asseblief bewys van betaling na fin@lnpark.co.za met verwysing: u kind se van en naam en 2022RES.
Bankbesonderhede: Laerskool Newtonpark, ABSA takkode 632005, rekeningnommer 1400490089, verwysing: u kind se van en naam en 2022RES.

Die bedrag is voor/op 4 Oktober 2021, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2022. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die langnaweek saam met jul gesinne, en gaan stem Maandag.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 1 November	:	**STEMDAG**
Wo – 3 November	:	Klerewinkel **12:00-14:30**
Do – 4 November	:	**Me. Selana (EDO) verjaar**
Vr – 5 November	:	Klerewinkel **07:30-12:00** **Kennis aan ouers 2022 begroting**

SPORT & KULTUUR

OOS-KAAP RITMIESE GIMNASTIEKKOMPETISIE
Marissa Terblanche, in graad 1D, het verlede naweek aan die Oos-Kaapse Ritmiese Gimnastiek Sone-Kompetisie deelgeneem en baie goed gevaar.

Vlak 1 O/7:
1) Enigste gimnas in haar onderdomgroep om 'n goue prestasie te verower. (Punte bo 26)
2) Algehele wenner (goud) in haar ouderdomsgroep.
Sy beweeg nou aan na vlak 2.
Baie geluk, Marissa!

Lisa Scheepers in graad 3BL het Distrik kleure verwerf vir Ritmiese Gimnastiek Vlak 1 nadat sy op Saterdag, 23 Oktober 2021, by die Rhythmic Eastern Cape Festival wat in Despatch plaasgevind het, goud ontvang het. Baie geluk, Lisa!